

Enige meisie se droom. Dokkie Venter van Hartenbos hier by een van die McLarens. *Foto: Jannie du Plessis*

# Spogmotors besoek

Jannie du Plessis

Om van die duurste motors ter wêreld in een ry te sien staan, is nie 'n alledaagse gebeurtenis nie. Mosselbaaiers kon egter op Dinsdag, 5 November hierdie voorreg beleef toe 12 McLaren-spogmotors by die parkering voor die Dias Museum intrek.

Volgens Domenique Cruz, 'n woordvoerder van McLaren, kom ses van die voertuie uit Engeland en die res vanaf Europa. Die voertuie is deur McLaren na Suid-Afrika gebring vir 'n toer deur die Tuinroete. Volgens Cruz het al die voertuie vanaf Port Elizabeth vertrek onderweg na Kaapstad. Hul verposing in Mosselbaai was een van vele aangesien hierdie masjiene redelik "dors" is. Afhangende van die model, kan so 'n sportmotortjie jou enigiets van R3miljoen tot in die omgewing van R21miljoen uit die sak jaag.

Al 12 die McLarens is in privaat besit. Die Spider-model kan van 0 tot 97km/h in slegs 2.9 sekondes versnel en het 'n topsnelheid van 341km/h. Dit is ook toegerus met 'n sewespoedratkas.

# Groter netwerk maak impak

Suid-Afrika word tans gekonfronteer met 'n welsynskrisis. Meer as 17 miljoen mense ontvang maatskaplike toelae. Meer as 9 miljoen mense is werkloos. Te midde hiervan, word die finansiële volhoubaarheid van baie gemeenskapsorganisasies en instansies ernstig bedreig.

Helplift-netwerk fokus op die disfunksionaliteit, gediskonnekteerde en ontmagtigde gemeenskappe. Gebaseer op navorsing, bestaan daar 'n groot behoefte in gemeenskappe aan beter koördinering en kommunikasie van gemeenskapsaksies ten opsigte van sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Voortspruitend uit 'n behoefte van kerkgenootskappe in Mosselbaai, aan groter betrokkenheid by die gemeenskap, is Helplift Groter Mosselbaai gestig as HUB 018 van die Helplift-netwerk.

### Wie trek voordeel?

Die Helplift Netwerk se hubs is daar tot voordeel van alle geregistreerde gemeenskapsorganisasies en instansies wat fokus op behoeftiges en minder bevoorregtes.

- Helplift funksioneer op 'n nasionale vlak met internasionale verbintenisse.
- Helplift is geregistreer as nie-winsgewende organisasie (registrasienommer 2008/027074/08 en nommer 930047169).
- Helplift groter Mosselbaai maak gebruik van die groter netwerk se infrastruktuur (byvoorbeeld ouditeure, bankrekening, bestuurstruktuur en dies meer).
- Helplift is ook geregistreer om aan skenkers Art 18(a)-belasting en BBEEE-sertifikate uit te reik.
- Helplift het toegang tot die Noordwes Universiteit se navorsingsfasiliteite.

### Suksesse

Landswyd het Helplift reeds heelwat bewese suksesse behaal. Moreleta Park het byvoorbeeld tydens 2018 dienste en produkte ter waarde van R1,8m gefasiliteer en Driehoek Van der Bijlpark, dienste en produkte ter waarde van R1.3m.

"Die Helplift-organisasie vervul grootliks 'n fasiliteringsrol om gewers en behoeftige ontvangers bymekaar uit te bring en opereer op vyf platforms," verduidelik die waarnemende hub-bestuurder, Des Sampson.

Dit beskik oor 'n netwerk waar die lewer van produkte en dienste gefasiliteer word. So lewer byvoorbeeld dokters, tandartse, loodgieters, skoonheidsalonne, en so meer hulle dienste aan onder hul eie voorwaardes. Helplift fasiliteer die proses. 'n Gemeenskapstoor word bedryf waar goedere en produkte wat ontvang en aan behoeftige ontvangers versprei word. Vaardigheidsopleiding word aan werkloses gebied. Ondernemingsgees word binne die raamwerk van 'n "ondernemingsinkubator" by leerders gestimuleer, sodat hulle hul eie ondernemings kan vestig.

Met die impakfonds, word kontant wat uiteindelik vir projekimplementering aangewend word, ontvang.

"Maatskaplike en ander organisasies wat ook op hierdie terrein werksaam is, se aksies vind normaalweg in isolasie plaas en word nie gekoördineer nie. Dit is wat Helplift Groter Mosselbaai graag van hulp wil wees. Ons wil niks by iemand wegneem nie, maar eerder poog om saam 'n groter impak te maak. Die gedagte is om die gemeenskapskultuur in die groter Mosselbaai te transformeer na een waar mense mekaar help en ondersteun."

### Wie kan 'n bydrae maak?

"Enigiemand, 'n besigheid of instansie kan betrokke raak."



**Tydens die Mosselbaai Sport- en Rekreasiefees, het Helplift se hub in Mosselbaai reeds hulle gemeenskapsbetrokkenheid tasbaar gemaak deur 'n sportdag vir 80 kinders aan te bied. Hulle soek tans vennote om hulle projekte verder te kan ontwikkel.**

Daar is verskeie maniere om 'n bydrae te maak:

- dienste en goedere word aangebied op eie voorwaardes;
- gee van dit wat jy reeds het;
- deel vaardighede en ervaring met mense wat gretig is om te leer;
- belê in die impakfonds om noodsaaklik projekte in die gemeenskap te implementeer;
- word 'n vrywilliger deur 'n organisasie te verteenwoordig of om dienste en produkte te help fasiliteer.

### Kontakbesonderhede

Die plaaslike hub word bestuur deur 'n groep vrywilligers met streng Christelike waardes. Vir meer inligting, kontak: Des Sampson (082 651 2006), Dawid Scholtz (084 624 6612), Sybil Coetsee (071 473 6942), Eric Nelson (082 925 2879), Dirk Coetzee (082 855 9053) of Kobus Huyshamen (082 773 9320).

Besoek ook die webwerf:www. helpliftnetwork.co.za of die facebookblad www.facebook.com




## Cape EAPrac
**PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**
**AFRO FISHING, MOSSEL BAY**

Availability of the Basic Assessment Report for the proposed **fish meal and oil reduction facility** at the Afro Fishing Facility in Mossel Bay

**Notice is hereby given of a Public Participation Process in terms of the National Environmental Management Act (NEMA, Act No 107 of 1998 as amended) and the National Environmental Management: Air Quality Act (Act 39 of 2004)**

An Application for **Environmental Authorisation (EA)** and an **Atmospheric Emissions License (AEL)** has been submitted to the provincial Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) and Garden Route District Municipality respectively as the competent authorities for decision making. The applicant is proposing an expansion to the existing Afro Fishing processing facility to include a fish meal and oil reduction facility on the old I&J premises adjacent to the existing cannery.
**DEA&DP Reference Number:** 16/3/3/1/D6/28/0027/19
**Location:** Quay 1 & 2, Port of Mossel Bay
**Proponent:** Afro Fishing (Pty) Ltd
**Environmental Consultant:** *Cape EAPrac*
**Exemptions:** No Exemptions to the EIA regulations have been applied for.

**Documents Available:** A Basic Assessment Report (BAR) will be available on request, to registered I&APs and on the *Cape EAPrac* website (www.cape-eaprac.co.za), hard copies will be available at the Mossel Bay Library and Municipality Planning offices.

The procedures for a **Basic Assessment** process in terms of the NEMA 2014 Regulations for EIA (R327) as amended and NEM:AQA R893 are being followed for this application. The following listed activities are applicable:
**NEMA R327: Activity 34**
**NEM:AQA R893: Category 10**

**Date of Advertisement:** 8 November 2019 *(Mossel Bay Advertiser & Die Burger)*

**Public Information Session & Meeting:** 20 November 2019 at the Mossel Bay Town Hall. Project team specialists will be available for consultation from 16h00 to 18h00 and a meeting and presentation will take place from 18h00 - 19h30.

Individuals are requested to review the Basic Assessment Report, available from **Tuesday 12 November 2019** and submit any comment to *Cape EAPrac* in writing (to address below) on or before **Thursday 12 December 2019**, [Correspondence throughout the remainder of the environmental process will only be distributed to registered I&APs.] The BAR can be viewed on the *Cape EAPrac* website at www.capeeaprac.co.za or on request.

***Cape EAPrac* (Attention: Melissa Mackay)**
P O Box 2070 George 6530
Telephone: 044 874 0365 Facsimile: 044 874 0432
Email:mel@cape-eaprac.co.za

**A 30 DAY COMMENT PERIOD HAS BEEN PROVIDED. ALL COMMENTS MUST BE SUBMITTED BY THURSDAY12 DECEMBER 2019**





## *Stroesnjannieskoepêla*

*Stroesnjannieskoepêla. Só het ons gesê toe ons klein was. As iets rêrig was, as dit die waarheid en niks anders as die waarheid was nie, wou ons dit met hierdie woord bevestig. Toe ons bietjie groter was het ons dikwels gesê "ek belowe". En as die saak 'n bietjie ernstiger was, het ons gesê "ek sweer". Maar soms, net soms, as dit om 'n baie ernstige saak gegaan het, het ons sover gegaan om te sê "ek sal my hand op die Bybel sit".*

*Deesdae is ek dikwels lus om vir mense te vra. Is dit stroesnjannieskoepêla? Belowe jy? Sweer jy? Sal jy jou hand op die Bybel sit? Want mense se woord is so dikwels niks werd nie. Mense jok. Mense verdraai die waarheid. Mense swyg oor die waarheid. Mense dik aan. Ja, partykeer sal iemand nog erken dat hy dit of dat gesê het, maar dan dadelik byvoeg "dit is wat ek bedoel het" of "dit is die konteks waarin ek dit gesê het". Mense kom ook doodeenvoudig nie hulle beloftes na nie. By alles wat gesê word moet jy, soos in 'n besigheidkontrak, die fynskrif deeglik bestudeer.*

*'n Mens wil in ons dag vra: Wat het van die waarheid geword? Wat het van eerlikheid geword? Waarom kom mense nie meer hulle woord na nie?*

*Elke Christen moet homself vandag die vraag afvra: Wat is my woord vir mense werd?*

*Jesus sê in Matteus 5:37 "Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee' 'nee'.*

*Hoeveel van jou "ja's" aan God het waar geword?*
*Hoeveel van jou "ja's" en "nee's" aan mense sal die toets van die lig en tyd deurstaan?*

*Ons hoef nie eers te belowe of te sweer nie. Ons hoef nie ons hand op die Bybel te sit nie. Ons hele lewe moet wys dat ons stroesnjannieskoepêlamense is.*

*As ons wat sê dat ons volgelinge van Jesus is se woord nie meer veel werd is nie, wié s'n is dan?*

# Wolboere ‘klou aan hoop’, al dryf droogte hulle tot trane

**Lourens Schoeman**

Die knellende droogte eis sy tol en moedige glimlagte en humor het plek gemaak vir trane, strak gesigte en bekommerde gesinne, sê Guillau du Toit, president van die Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika.

“Ons oorleef van skenkings onder mekaar en uit die private sektor. Die regering doen niks om die boere by te staan nie,” het hy gister gesê. “Groot dele van die Oos-Kaap, Wes-Kaap en Noord-Kaap gaan steeds onder die droogte gebuk. Produsente is uitgelewer aan die natuur en ly ook verliese weens veldbrande, koue en oorstromings.”

Terwyl boere worstel om die droogte te oorleef, is dit uiters frustrerend om die nuus oor korrupsie, swak staatsbesteding en swak bestuur van departemente dop te hou.

“Landbouers word deur een van die ergste droogtes ooit geknel. Desondanks skep ons werk, verskaf ons voedsel en verdien ons buitelandse valuta met ons uitvoer. Tog voel dit asof ons aan ons eie genade oorgelaat is in ’n tyd dat die regering ons behoort te ondersteun. Van toegekende hulp het daar steeds min in die praktyk gekom.

“In Junie het ons gedink dat boerdery-omstandighede in die droogtegeteisterde gebiede baie moeilik was, min wetende dat dit so erg sou word soos nou. Daarom is dit soveel te meer nodig om aan ons hoop vas te hou.

“Die gelowige hoop is nie op aardse dinge gegrond nie, maar op die ewige. Daarom kan ons in die moeilikste omstandighede steeds vashou aan die hoop wat God aan ons deur sy seun, Jesus, beloof.”

Die wolmark het op ’n skokkende laagtepunt geopen, sê Du Toit.

“Die eerste veiling van die nuwe seisoen het weens verskeie redes ’n daling van 30% getoon.

“Gelukkig is die mark besig om stadig kop op te tel. Die bek-en-klouseer-situasie is opgelos en ons het waardevolle lesse geleer om ons teen soortgelyke situasies te beskerm. Die wolmark en die produk sal ons nie in die steek laat nie, maar ons sal daarop bedag moet wees hoe ons die eksterne faktore wat ’n invloed op ons produk het, gaan hanteer en bestuur.

“Daar sal voordurend uitdagings wees, maar ons wil om te oorleef is sterk. Wolboere is passievolle mense met ’n ongekende trots op hul produk, saamgesnoer as ’n wol-familie. Daarom sal ons in alle omstandighede oorleef, sover as wat dit menslik is.

“Terselfdertyd verklaar ons ons ondergeskiktheid aan ons Skepper en die voorreg om dit wat Hy aan ons toevertrou het met passie te onderhou en tot nuwe hoogtes uit te bou.”

GQEBERHA IS EERSTE KEUSE

# PE se nuwe naam dalk ’n tongknoper

**Cara-Lee Dorfling**

Sommige inwoners van Port Elizabeth sal dalk binnekort hul Xhosa moet opskerp om die stad se moontlike nuwe naam te kan uitspreek.

Ná verskeie openbare vergaderings wat verlede jaar in die Nelson Mandelabaai-metro deur die Oos-Kaapse komitee vir geografiese name (ECPGNC) gehou is, het Gqeberha as die voorgestelde naam vir die stad na vore kom. Die ander twee keuses was I-Bhayi en Nelson Mandela City.

Benewens ’n nuwe naam vir die stad was die doel van die openbare vergaderings ook om nuwe name vir die buurdorpe Uitenhage en Rosedale, asook die stad se lughawe te bespreek.

Die ECPGNC het onlangs die voorgestelde name soos volg bekend gemaak:

■ Die Port Elizabeth Internasionale Lughawe word die Chief David Stuurman-lughawe;
■ Uitenhage word Kariga; en
■ Rosedale word Kamesh.

Maar dit sal minstens nog twee jaar duur voordat enige nuwe name op naamborde sal verskyn, sê Zukile Jodwana, adjunkvoorsitter van die ECPGNC.

Volgens hom het inwoners nog tot 30 November om op die voorgestelde name kommentaar te lewer of beswaar aan te teken.

Hierna sal ’n subkomitee van die ECPGNC deur die besware en kommentaar werk, waarna hulle op elke beswaar sal reageer.

Die subkomitee sal hul kommentaar vir oorweging aan die ECPGNC oordra, waarna hulle die finale aanbeveling aan die provinsiale regering sal deurgee, wat dit op sy beurt aan die nasionale komitee sal oorhanding.

Die nasionale komitee sal eers ondersoek instel om te bepaal of die wetlike stappe gevolg is voordat die aanbeveling aan die minister van sport, kuns en kultuur voorgelê word.



Die Donkin Reservepiramide en -vuurtoring in Port Elizabeth. Foto: ARGIEF

“Die minister sal dan die voorstel aanvaar of verwerp,” sê Jodwana.

Dié proses kan nog ses tot 12 maande duur.

Indien die minister die voorstel vir die betrokke naamveranderinge sou aanvaar, sal die volgende stap begin waar instansies en organisasies wat met die bestaande dorpsname geassosieer word, genader sal word om ook moontlik hul name na die nuwe name te verander.

Google Maps en drukkers van padkaarte sal ook in dié tydperk van die verandering in kennis gestel word.

Indien die proses sonder probleme verloop, sal dit minstens nog ’n jaar duur.

Intussen het Oscar Mabuyane, premier van die Oos-Kaap, onlangs aangedui dat hy ook daartoe verbind is om die provinsie se naam te verander.

Mvusiwekhaya Sicwetsha, Mabuyane se woordvoerder, sê die rede hiervoor is omdat die naam van die provinsie nie in Engels of Xhosa aanklank vind by die inwoners van die provinsie nie.

“Die ‘kolonie’, wat byvoorbeeld in Xhosa as die naam gebruik word (iMpuma-Koloni of net Koloni), verwys na ons as ’n kolonie, terwyl ons niemand se kolonie is nie.

“Die doelwit is om die provinsie se naam te kan verbind met dit waarna ons as provinsie streef,” sê Sicwetsha.

Die premier het reeds opdrag gegee aan die Oos-Kaapse LUR vir sport, kuns en kultuur om saam met die ECPGNC te werk om die proses aan die gang te sit.

Sicwetsha het egter benadruk dat die premier nie die naamsverandering as prioriteit bo die lewering van basiese dienste plaas nie.

John Steenhuisen, nuutverkose parlementêre leier van die DA, het Woensdag op sy besoek aan Somerset-Oos die premier gekritiseer oor die voorstel van ’n naamsverandering vir die provinsie.

Steenhuisen meen droogtehulp moet ’n veel groter prioriteit wees.

“Terwyl die krane leegloop en boere vee en oeste verloor, moet hy (Mabuyane) weet dit kan geensins nou ’n prioriteit vir die provinsie wees nie.

“ ’n Nuwe naam sal nie water na die mense se huise bring en voer vir die honger diere nie,” sê Steenhuisen in ’n verklaring.

Hy het na Makhanda (Grahamstad) as ’n voorbeeld verwys en gesê dié naamsverandering het niks gedoen om die probleem met watertekorte in die dorp te verlig nie.

“Vir nou behoort die enigste prioriteit te wees om ’n ramp te voorkom met droë krane en die ineenstorting van die landbou.”

■ Besware of kommentaar oor die voorgestelde naamveranderings kan ingedien word by:
■ Linda Zileni, 043 492 0088/ Linda.Zileni@ecsrac.gov.za;
■ Chuma Mfikill, 043 492 0087/ Chuima.mfikill@ecsrac.gov.za; of
■ Mark Mandita, 043 492 0056/ mark.mandita@ecsrae.gov.za

# NVG wil beslag lê op oudhoë se talle luukses

**Lynn Williams**

Die batebeslagleggingseenheid van die nasionale vervolgingsgesag (NVG) het geen genade betoon toe hy die hof genader het om op die Nelson Mandelabaai-metro se voormalige direkteur van fasiliteitsbestuur en sy vrou se luukse motors, eiendomme en geld in hul bankrekenings beslag te lê nie.

Die eenheid wil op Patrick en Helen Keble se bates beslag lê om die wins te verhaal wat hulle weens beweerde tenderbedrog gemaak het.

Die Kebles, sowel as Helen se twee kinders en nog ’n familielid, het tot 26 November om in die hooggeregshof in Port Elizabeth vertoë te rig oor waarom die bevel om op hul bates beslag te lê nie finaal bekragtig moet word nie.

Keble word saam met Seth Terblanche (sy stiefseun) en Roxane Bowers (sy stiefdogter) in die handelshof in Port Elizabeth van beweerde tenderbedrog van R16 miljoen aangekla. Die Valke het die drie in hegtenis geneem.

Die staat beweer dat Keble tussen Februarie 2010 en Junie 2013 met die toekenning van ’n kontrak aan die metro se bodkomitee voorgegee het dat hy niks het om te verklaar wat familie- of sakeondernemings betref nie.

Dié kontrak was vir ’n tender wat die metro geadverteer het om herstelwerk aan verskeie geboue onder sy bestuur te doen.

Keble het dit na bewering so bewerkstellig dat sy stiefkinders die kontrak kry.

Die staat beweer dat Keble gunste in die vorm van groot bedrae kontant ontvang het van sy stiefkinders en dat R150 000 in die rekening van The Lord our Righteousness Ministry (wat in Helen se naam is) oorgeplaas is.

Die siviele afdeling van die hooggeregshof het ’n bevel in adv. Warren Myburgh se guns bekragtig wat die respondente verbied om hul bates te versteek of daarvan ontslae te raak. Die aansoek is sonder die Kebles en hul kinders se medewete gebring omdat die bates van so ’n aard is dat hulle daarvan ontslae kon raak.

Volgens hofdokumente sluit dié lang lys van die egpaar se bates die volgende in:

■ Twee eiendomme in Parsonsvlei en die meubels daarin ter waarde van meer as R1 miljoen;
■ ’n Huis in Blue Horizon Bay ter waarde van R2,4 miljoen;
■ ’n Meenthuis in die Lavendulakompleks ter waarde van R900 000;
■ ’n Mercedes-Benz C180;
■ ’n Silwer Volvo;
■ ’n Wit Golf GTI;
■ ’n Wit Toyota Quantum-kombi;
■ Hul aandeel in vier verskillende ondernemings, naamlik AEO Transport BK, El Shaddai Facilities Management BK, JPK Projects (Edms.) Bpk. en SJT Electro Mechanical Pumps (Edms.) Bpk.; en
■ Die geld in hul bankrekenings.

Die egpaar is binne gemeenskap van goedere getroud.

Ingevolge regter Glenn Goosen se bevel word die goedere soos beddegoed en klere, wat hulle daagliks nodig het, uitgesluit.

GARDEN ROUTE eyeclinic

Behandeling van alle Oogsiektes
Omvattende Oogchirurgie
Laser Refraktiewe Oogchirurgie (LASIK, TESA)

OOGCHIRURGE
Dr Beyers Botha 044 873 4174 George, Plettenbergbaai
Dr Charl Roux 044 874 1258 George, Riversdal, Oudtshoorn
Dr Johannes Meyer 044 874 0178 (George)
044 382 2687 (Knysna)
Dr Richard Faul 044 873 0126 George, Oudtshoorn

GEVORDERDE TEGNOLOGIE • NUUTSTE CHIRURGIESE TEGNIEKE • TOEGEWYDE SORG

www.ilaser.co.za

X1VUL51H-DB011119

# 2 mans sterf in beweerde liefdesdriehoek in PE-buurt

**Cara-Lee Dorfling**

Twee lyke, een verkool en die ander met ’n meswond in die bors, was Woensdagaand glo die gevolg van ’n liefdesdriehoek waarop die polisie in Kuyga in die buitewyke van Port Elizabeth afgekom het.

Die twee moorde het waarskynlik kort na mekaar gebeur. Die vermoede bestaan dat die buurt se inwoners eie reg gebruik het en een van die mans, Chris Rasta (34), ’n Zimbabwiese burger, aan die brand gesteek het nadat hy Fakuphiwani Tyaliti (34) na bewering doodgesteek het.

Ao. Alwin Labans, ’n polisiewoordvoerder, sê die polisie het omstreeks 20:30 by die toneel aangekom.

Tyaliti was na bewering saam met sy vriendin in hul huis toe Rasta die deur oopgeskop het.

’n Bakleiery het glo tussen die twee mans ontstaan en die bure het Tyaliti se vriendin gehoor gil en ondersoek ingestel. Rasta het glo gevlug, waarna die buurt se inwoners hom agternagesit het.

Dit blyk dat Rasta kort daarna weer by die huis opgedaag en die bakleiery voortgegaan het. Tyaliti se vriendin het dié keer weggehardloop en toe sy later die aand teruggekeer het, het sy vereem dat Tyaliti doodgesteek is. Daar word beweer dat die twee mans oor haar baklei het.

Die polisie ondersoek nog die voorval. Niemand is teen gisteroggend nog in hegtenis geneem nie.

GEORGE
THE CITY FOR ALL REASONS

KENNISGEWING NOMMER FIN 020 VAN 2019

**PUBLIEKE KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN DIE 1STE AANVULLENDE WAARDASIELYS 2019/2020 EN BESWAAR AANTEKEN**

Kennis word hierby gegee in terme van Artikel 49(1)(a)(i)(c) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet Nr.6 van 2004), hierin verwys na as die “Wet”, dat die 1ste aanvullende waardasielys vir die boekjaar 2019/2020 ter insae lê vir publieke inspeksie by die volgende kantore van 31 Oktober tot 29 November 2019:

Navrae:
1. Anita Scheepers / Mimi Conradie / Clark Lesibanie
George Munisipaliteit
Departement Finansiële Dienste
Waardasies
Grondvloer:
Yorkstraat
(044) 801 9111

Die waardasierol, is verkrybaar op die munisipale webblad: www.george.gov.za.
‘n Uitnodiging word hierby gerig, in terme van Artikel 49(1)(a)(ii)(c) in die Wet, dat enige eienaar van eiendom of enige ander persoon wat dit nodig ag, ‘n beswaar by die Munisipale Bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid vervat of weggelaat in die waardasielys binne bogenoemde tydperk.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) in die Wet ‘n beswaar teen ‘n spesifieke individuele eiendom ingedien moet word, en nie teen die waardasierol in sy geheel nie.

Die vorms om ‘n beswaar in te dien, is verkrybaar by bogenoemde kantore of op die munisipale webblad www.george.gov.za beskikbaar. Die voltooide vorm, behoorlik onderteken moet by die genoemde kantore ingehandig word of faks (044) 8019437 of per epos valuations@george.gov.za.

**T BOTHA**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**PUBLIEKE DEELNAMEPROSES**
**AFRO FISHING, MOSSELBAAI**

Beskikbaarheid van die Basiese Assesseringsverslag vir die voorgestelde **vismeel-en-olie-reduksiefasiliteit** by die Afro Fishing-fasiliteit in Mosselbaai

**Kennis geskied hiermee van ’n Publieke Deelnameproses ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA, Wet 107 van 1998, soos gewysig) en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte (Wet 39 van 2004)**

’n Aansoek om **Omgewingsmagtiging (OM) en ’n Atmosferiese Uitlaatlisense (AUL)** is respektiewelik ingedien by die provinsiale Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP) en die Tuinroete Distriksmunisipaliteit as die bevoegde owerhede vir besluitneming. Die applikant stel voor die uitbreiding van die bestaande Afro Fishing-verwerkingsfasiliteit om plek te maak vir ‘n vismeel-en-olie-reduksiefasiliteit op die ou I&J-perseel langs die bestaande inmaakfabriek.
**DEA&DP-verwysingsnommer**: 16/3/3/1/D6/28/0027/19
**Ligging:** Kaai 1 & 2, Mosselbaai-hawe
**Indiener**: Afro Fishing (Edms.) Bpk.
**Omgewingskonsultant**: Cape EAPrac
**Vrystellings**: Geen vrystellings van die OIA-regulasies is voor aansoek gedoen nie.

**Dokumente beskikbaar:** ’n Basiese Assesseringsverslag (BAV) sal op versoek beskikbaar wees aan geregistreerde B&GP’s en op die Cape EAPrac-webwerf (www.cape-eaprac.co.za) gedrukte afskrifte sal beskikbaar wees by die Mosselbaai-biblioteek en Munisipale Beplanning-kantore.

Die prosedures vir ’n **Basiese Assesseringproses** ingevolge die NEMA 2014-regulasies vir OIA (R327) soos gewysig en NEM:AQA R893 word gevolg vir hierdie aansoek. Die volgende gelysde aktiwiteite is van toepassing:
**NEMA R327: Aktiwiteit 34**
**NEM:AQA R893: Kategorie 10**

**Datum van Advertensie:** 08 November 2019 (Mossel Bay Advertiser & Die Burger)

**Publieke inligtingsessie & vergadering:** 20 November 2019 in die Mosselbaaise dorpsaal. Projekspanspesialiste sal beskikbaar wees vir konsultasie van 16:00 – 18:00 en ’n vergadering en voorlegging sal plaasvind van 18:00 – 19:30.

Individue word versoek om die Basiese Assesseringsverslag, beskikbaar vanaf Dinsdag 12 November 2019, na te gaan en enige skriftelike kommentaar te stuur aan die ondergemelde adres op of voor **Donderdag 12 Desember 2019.** [Korrespondensie regdeur die res van die omgewingsproses sal slegs aan geregistreerde B&GP’s gestuur word]. Die BAV kan besigtig word op die Cape EAPrac-webwerf by www.cape-eaprac.co.za of op versoek.

***Cape EAPrac* (Aandag: Melissa Mackay)**
Posbus 2070 George 6530
Telefoon: 044 874 0365 Faks: 044 874 0432
E-pos:mel@cape-eaprac.co.za

**’n 30 DAE-KOMMENTAARTYDPERK IS GOEDGEKEUR. ALLE KOMMENTAAR MOET TEEN MAANDAG 12 DESEMBER 2019 INGEDIEN WORD.**

X1VV717W-DB081119

# Youth week dates

Cricket South Africa recently announced the dates and venues for the 2019 school cricket tournaments.

The National week for Learners with Special Educational Needs will be hosted in Potchefstroom from 22 to 26 September.

The Momentum U13 tournament will be held in Pretoria from 7 to 11 December and the Momentum U15 week will take place in East London from 5 to 9 December.

Port Elizabeth will be the host for the Momentum U17 week from 11 to 15 December. The girls' U19 week will take place in Nelspruit from 8 to 12 December, while the premier event, the Coca Cola Khaya Majola week will be held in Benoni from 15 to 19 December.

The national franchise cubs week will take place in Stellenbosch from 4 to 8 January 2020.

# MOSSEL BAY MUNICIPALITY

**INVITATION TO TENDER**

**CLOSING TIME: 12:00** **CLOSING DATE: 29 MARCH 2019**

**TENDER 61-18/19: CONSTRUCTION OF THUSONG CENTRE PHASE 2**

Tenders are hereby invited from Contractors with a CIDB grading of 7 GB or higher for the construction of the Thusong Centre: Phase 2 situated in Mossel Bay. The new facility will be constructed on an open portion of land adjacent to the existing facility. This is a multi-year project with the expected completion on or before 30 June 2021. Contractors to use local labourers according to the EPWP method and regulations.

A set of fully completed tender documents must be submitted on the original documents and remain valid for 90 days after the closing date of the tender. Enquiries about the tender can be addressed to Mr Brandon Berghoff of Royal HaskoningDHV per email at brandon.berghoff@rhdhv.com.

A set of tender documents can be obtained at a non-refundable cost of R658 including VAT. Payments must be made at the cashiers at the Mossel Bay Municipality's Main Building, 101 Marsh Street on the Lower Ground Floor (seaside). Tender documents can only be obtained at the **compulsory information meeting** which will take place at **11h00** on **Wednesday, 6 March 2019 at the Council Chambers, First Floor, Mossel Bay Municipality Main Building, 101 Marsh Street.**

**PLEASE ENSURE THAT ALL PARTNERS OF A JOINT VENTURE ATTEND THIS COMPULSORY MEETING AS A FAILURE TO ATTEND THE MEETING WILL RESULT IN THE BID BEING NON-RESPONSIVE.**

**Please note: The Municipality prefer that Senior Staff members, Contract Managers or their representatives attend the compulsory site meeting as the Scope of Works, the Design and the Tender Specifications will be discussed in detail along with the Execution phase expectations and possible amendments. It remains the Bidder's responsibility to familiarise themselves with and fully understand the tender specifications to be able to submit a responsive tender.**

Prospective bidders that arrive 15 (fifteen) minutes or more after the advertised time the meeting started will not be allowed to attend the meeting or to sign the attendance register. If a prospective bidder is delayed, he/she must inform the contact person before the meeting commence and will only be allowed to attend the meeting if the chairperson of the meeting, as well as all the other bidders attending the meeting, give permission to do so.

